# Hoofstuk van die dag: Filippense 4

> *Wees inskiklik teenoor alle mense. Die Here is naby. (Fil 4:5)*

Die woord *inskiklik* beteken dat jy ingestel is op die belange van die ander; dat jy nie net aan jouself dink nie, maar vir

andere ruimte maak. Dit is welwillendheid, vriendelikheid en beskeidenheid, tegemoetkomendheid en toegeeflikheid, ’n afsien van eie regte. Een skrywer (Karl Barth) noem dit ’n sagtheid, ’n gebrokenheid in jou omgang met ander, in teenstelling met hulle wat nie die genade ontvang het nie en wat daarom onbuigsaam en hard is. Dit is nie swakheid nie, maar sagtheid, die aardse gestalte van hemelse heerlikheid. Ek dink die NLV vertaal dit baie goed: bedagsaam.
Dít is die houding wat God van ons verwag. En dan nie net teenoor mede-gelowiges nie, maar teenoor alle mense. Dit moet die kenmerk, die karaktertrek, van die Christen wees: ons inskiklikheid, ons bedagsaamheid. Die AFR2020 sê: “Laat julle vriendelikheid aan alle mense bekend word.”
Dís nie hoe ons van nature is nie. Daarom is dit baie belangrik dat ons goed sien wat Paulus hier skryf. Hy skryf nie net: “Wees inskiklik teenoor alle mense,” nie. Hy voeg daarby: “Die Here is naby.” Dís die geheim: Leef vanuit en in die teenwoordigheid van die opgestane Here Jesus!

Naskrif: Môre en Sondag lees ons Ps 3 en 4.

## Onlangse Bydraes


- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming


## Argief


Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026